Bybel-Media Nuusbrief 19/2015

Die Kerkbode van 6 November:

... vertel verskeie verhale van God se liefde wat deur sy kerk na die wêreld toe vloei.

Lees byvoorbeeld hoe klein gemeentes soos Groot-Marico en Krugerwildtuin 'n groot verskil in hulle omgewing help maak.

Daar is die verhaal van voorstedelike vroue in die Kaap wat hulle tyd en ervaring gee om mentors te wees vir mammas uit Khayelitsha op die Kaapse vlakte, sodat dié mammas reg van die begin af goeie fondamente vir die ontwikkeling van hulle babas se potensieaal kan lê.

En lees hoe 'n jong dominee geloofslesse vir kinders haal uit hulle gesamentlike ervaring van fietsry.

Kerkbode vertel ook van kerkleiers se betrokkenheid by die studenteprotes teen hoë klasgeld, van die nasionale vrouekonferensie wat in Bloemfontein gehou is en heelwat meer.

Jongste Bybelkor-publikasies (jou gemeente-hulpmiddels!)

Woord en fees - Preekstudies en liturgiese voorstelle gebaseer op die kerklike jaar:

Revised Common Lectionary Jaar C – Advent 2015 tot Koninkrykstyd 2016

Woord en fees is 'n hulpmiddel in die voorbereiding van eredienste en die ontwikkeling van preke. Dit maak gebruik van die fokustekste soos uiteengesit in die erkende teksrooster, die Revised Common Lectionary (RCL).

Die liturgiese voorstelle gee riglyne wat die gebruiker sal help om weeklikse eredienste makliker voor te berei. *Woord en fees* sluit aan by die seisoene van die kerkjaar. Teks word elektronies op CD by elke eksemplaar ingesluit.

Prys: **R260,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Geloofsvorming herontwerp:

Nadenke, uitgangspunte en ontdekkings van die Kategese-taakspan van die Sinode

Hierdie boek bied 'n raamwerk waarsonder daar nie oor kategese en enige ander jeugbediening gedink kan word nie. Die taakspan gee hier 12 bakens vir geloofs-vorming en die spesifieke implikasies wat dit vir kategese inhou. Hulle sluit ook praktiese voorstelle in oor hoe elk van hierdie bakens vir kleuters, laerskoolkinders, hoërskoolkinders en by huisgeloof gebruik kan word. Laastens gee hulle enkele riglyne oor die keuse van kategesemateriaal. Hierdie publikasie is 'n nuttige hulpmiddel in die opleiding van kategete, fasiliteerders en almal wat by jeugbediening betrokke is. Mag dit jou opgewonde maak oor die kinders en jongmense van die kerk en jou met nuwe visie inspireer.

Prys: **R130,00** [pak van 5 Boeke] – BTW en posgeld ingesluit.

Impak:

Die *Impak*-DVD bevat *videogrepe*, 'n voorgestelde *program* vir 'n Toerustingnaweek en 'n *joernaal*.

- Die doel van die *videogrepe* is om lidmate te bemagtig en te laat saamgesels oor hoe om innoverend dissipels van Jesus in hulle eie konteks te wees.
- Die voorgestelde *program* stel gemeentes in staat om 'n Toerustingnaweek te reël.
- Die *joernaal* gee aan lidmate die kans om tydens die Toerustingnaweek hulle gedagtes oor lidmaatbemagtiging en dissipelskap neer te skryf.

Die uitkoms van *Impak* is dat ons *innoverend dissipels van Jesus* in ons eie konteks sal wees.

Prys: **R150,00** (BTW en posgeld ingesluit.)

Pressing on towards the goal - Breda Ludik & Rob Clarke:

Persevering in obedience



Just like the very first believers, we are trying to figure out how to live like people knowing Jesus. There are so many voices influencing us, and we do not always know what we should do. Again and again we try to discover what living faith means.
If only we could become more conscious of the cloud of witnesses surrounding us! They will give us direction in our choices.
Through the eight studies in this group guide you will explore the lives of biblical characters and historical figures. They will encourage you to run the race of faith with determination.
Prys: **R55,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.org.za**, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.